Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Julian Gordon**
Direktoraat: Diensvoordele
Julian.Gordon@westerncape.gov.za | 021 467 2876

Lêerno.: 3/3/1/1/4
Verwysing: 20240320-2681

Omsendbrief: 0011/2024
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Kringbestuurders, Hoofde: IGLOO-koördinering en -advies, amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore, Prinsipale, Opvoeders, Onderwysondersteuningspersoneel en Erkende Werknemerpartye

Kort opsomming: *Betrokkenheid van werknemers van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) as kandidate, onafhanklike kandidate ingesluit, in die nasionale en provinsiale verkiesing, asook werknemers wat tydens die nasionale en provinsiale verkiesing die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) bystaan.*

**Onderwerp: Betrokkenheid van WKOD-werknemers in die nasionale en provinsiale verkiesing wat vir Woensdag, 29 Mei 2024 afgekondig is**

1. Die WKOD erken die reg van sy werknemers, wat ingevolge die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) en die Staatsdienswet, 1994 aangestel is, om politieke loopbane na te streef en hulle ingevolge die Verkiesingswet, 1998 (Wet 73 van 1998), soos gewysig, vir verkiesing verkiesbaar te stel, of om die OVK by te staan met die bestuur en administrasie van die verkiesingsprosesse. Hierdie reg moet egter in balans wees met die WKOD se verbintenis om kragtens ons land se Grondwet te verseker dat leerders die reg het op 'n veilige en standvastige leeromgewing.

2. Die OVK maak dikwels gebruik van staatsdienswerknemers wat as verkiesingsbeamptes optree of as beamptes wat betrokke is by die tel van stemme. Hierdie tipe diens word as besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) geklassifiseer.

3. Lynbestuurders en prinsipale word versoek om die operasionele vereistes van hul kantore of inrigtings in ag te neem voordat werknemers se verlof aanbeveel of goedgekeur word sodat hulle opleiding by die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) kan ondergaan en pligte by stemlokale kan nakom. Alle WKOD-werknemers wat die OVK in die komende nasionale en provinsiale verkiesings wil bystaan, moet nie later nie as **16 April 2024** aansoek doen om toestemming vir besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS). Sodanige aansoeke moet by amptenare se distriksdirekteur of direkteur te Hoofkantoor ingedien word. Die RWOPS-aansoek wat by hierdie omsendbrief ingesluit is, moet vir hierdie doel gebruik word. Aansoekers sal nie later nie as **30 April 2024** ingelig word of hul aansoeke om RWOPS goedgekeur is of nie. Slegs personeel wie se aansoeke om RWOPS goedgekeur is, sal in aanmerking kom om die OVK tydens die nasionale en provinsiale verkiesing by te staan.

4. Dit is noodsaaklik om te verseker dat werknemers wat aan die nasionale en provinsiale verkiesing wil deelneem, nie die Gedragskode, Deel 1 van Hoofstuk 2 van die Staatsdiensregulasies (SDR), soos gepubliseer in *Staatskoerant* No. 40167 van 29 Julie 2016, oortree nie.

5. Teen die agtergrond van Suid-Afrika se sewende demokratiese verkiesing op 29 Mei 2024, is dit nodig om werknemers te herinner aan maatreëls wat in Regulasie 15 van die Staatsdiensregulasies vervat is en wat van toepassing is op werknemers wat hulself as kandidate tydens die verkiesing verkiesbaar wil stel. Die volgende is van toepassing, soos in die Staatsdiensregulasies uiteengesit:

   *(1) An employee who is issued with a certificate in terms of section 31 (3) of the Electoral Act, 1998 (Act 73 of 1998), stating that he or she is a candidate in an election, shall, not later than the next working day, inform his or her head of department in writing thereof and submit a copy of the certificate.*

   *(2) The employee shall be deemed to be on annual leave from the date following the date the certificate is so issued until, if he or she is—*

      *(a) elected and accepts election, the date immediately before the date he or she assumes office;*

      *(b) elected, but declines election, the date that he or she declines election; or*

      *(c) not elected, the date of the designation of representatives in terms of item 16 to Schedule 1A to the Electoral Act, 1998.*

   *(3) If the employee has insufficient annual leave, he or she shall be deemed to be on unpaid leave for the period in question.*

6. Die volgende maatreëls sal geld ten opsigte van die uitslag van die verkiesing:

6.1 'n Werknemer wat verkies word en die verkiesing aanvaar, sal uit die WKOD bedank onmiddellik voor die datum waarop hy of sy die amp sal opneem.

6.2 'n Werknemer wat verkies word, maar nie die verkiesing aanvaar nie, se verlof sal verval op die datum waarop die werknemer die verkiesing van die hand wys. Sodanige werknemer moet die dag nadat die verkiesing van die hand gewys is, terugkeer werk toe.

6.3 Indien 'n werknemer se bod om verkies te word onsuksesvol is, sal sy of haar verlof op die dag ná afloop van die verkiesing verval.

7. Lynbestuurders en prinsipale word versoek om seker te maak dat die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeel gebring word.

**GETEKEN:** L ELY
**WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2024-04-03